HOËRSKOOL STRAND

WAAR JONG ARENDE SWEEF!

# ARENDNUUS 9 - OKTOBER 2022

## HOËRSKOOLONDERWYSER VAN DIE JAAR!



Me. Hannalie van der Merwe is aangewys as Solidariteit Onderwysnetwerk se Hoërskoolonderwyser van die jaar vir 2022!

Me. Van der Merwe is in die Paarl gebore en getoë, het by Paarl Gimnasium skoolgegaan en aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. Sy het haar onderwysloopbaan, wat nou al oor meer as 3 dekades strek, in Upington begin, 'n draai in Mosselbaai gemaak en daarna in die Strand anker gegooi.

Haar beroep as lewensoriënteringonderwyser gee haar die ideale geleentheid om betrokke te raak by die leerders, by hul buitemuurse aktiwiteite (soos liefdadigheid) asook hul sport (soos netbal, atletiek en deedae ook toutrek!). Verder sorg sy dat leerders jaarliks deur middel van haar baie gewilde en gevarieerde Loopbaanekspo's ingeligte besluite oor 'n beroepsgerigte toekoms kan maak. Sy glo dat kinders in hul totaliteit (emosioneel, sosiaal en fisiek) betrek, ontwikkel en gekoester moet word.

Me. Van der Merwe is veral bekend vir haar passievolle ondersteuning tydens sport- en ander skoolbyeenkomste. Hiermee inspireer sy die leerders om met oorgawe by skool-aktiwiteite betrokke te raak.

Hoërskool Strand spog graag met hierdie welverdiende verering wat haar te beurt geval het. 'n Betrokke omgee-onderwyser is 'n gelukkige én gewilde onderwyser!

DE JAGERS
Sedert 1955
Jou eenstop mode & skooldrag voorsiener.

# TOP PRESTEERDERS IN AKADEMIE, KULTUUR– EN SPORT VEREER

- me. M. du Toit

Tydens die matrieks se laaste skooldag op Vrydag, 21 Oktober, is die volgende leerders vir hulle uitsonderlike prestasies op akademiese, kultuur- en sportgebied vereer:




## Die skoolhoofdeskild vir leerder van die jaar - Michelle Pretorius

Michelle ontvang vanjaar die hoogste eer wat aan 'n leerder van die skool toegeken kan word – die Skoolhoofdeskild vir Leerder van die jaar.

Michelle handhaaf 'n gemiddeld van 89,2% oor die afgelope 4 eksamens. Sy het vanjaar aan 'n hele paar olimpiades deelgeneem, waaronder die SAMO en die Universiteit van Kaapstad se Wiskunde-olimpiades, die Wetenskap-olimpiade en die Eskom Ekspo.

Sy glo daaraan om gebalanseerd te leef en is 'n baie ywerige sportvrou wat lid van die o.19A tennis- én muurbalspanne was. Verder was sy ook kaptein van die 1ste tennisspan en speel reeds vanaf graad 10 in hierdie span. In beide sportsoorte word sy beskryf as 'n meelewende en betroubare spanlid wat ander se belange op die hart dra. Asof dit nie genoeg is nie, het sy ook haar kant gebring en die skool verteenwoordig as lid van die o.19A-skaakspan.

Op kultuurgebied was Michelle 'n gewaardeerde lid van die skoolkoor en die noodhulpvereniging.

As leier het sy haar kant op meer as een terrein gebring. Sy was nie net tenniskaptein nie, maar ook een van die groepleiers in die koor en lid van die Arenderaad.

Intelsat het vanjaar 'n opvoedkundige program oor digitale, modulêre elektronika vir leerders van regoor Afrika aangebied. Michelle is gekies om hieraan deel te neem. Sy is aangewys as leier van een van die groepe en het die prys gewen vir die hoogste gemiddelde punt vir al haar opdragte.

Sy sal nie net vir haar prestasies en deelname aan 'n wye spektrum van aktiwiteite onthou word nie, maar ook vir haar onkreukbare karakter en integriteit. Haar innemende persoonlikheid en fyn opvoeding onderskei haar as 'n dame en maak van haar 'n trotse uitvoerproduk van die Hoërskool Strand.

## Die Rotariërs-wisseltrofee vir veelsydigheid - Lien Hoogenboezem

Oor die afgelope vier eksamens het Lien 'n gemiddeld van 89,9% gehandhaaf. Sy het vanjaar aan die UCT Wiskunde-olimpiade en die "National English Olympiad" deelgeneem.

Lien se gedissiplineerde en uiters gebalanseerde lewensuitkyk word ook in haar deelname en positiewe bydrae op sport- en kultuurgebied weerspieël. Sy was lid van die interskole atletiekspan asook die o.19B-hokkiespan en sy het per geleentheid ook uitgehelp as doelwagter van die o.19A-span.

Haar een groot passie lê egter by kultuur en hier het sy haar slag gewys as koorlid en as een van die hoofspelers in die baie geslaagde Shakepeare-toneelstuk. Sy word deur die drama-afrigter beskryf as 'n entoesiastiese spanspeler wat enige uitdaging nugter en doelgerig aanpak en in die proses die hele produksie tot hoër hoogtes voer.

As hoofmeisie het sy die res van die leerderraad met 'n baie toeganklike styl gelei en is 'n hardwerkende leier waarop daar altyd gereken kan word. Sy is iemand wat nie die kollig op haarself laat val nie, maar agter die skerms haar spanlede ondersteun en begelei en sorg dat die span suksesvol is.

Haar deernis en begrip vir ander mense het haar 'n gewilde leier, geliefde leerder en trotse uitvoerproduk van ons skool gemaak - 'n waardige wenner van die Strand Rotariërs se Wisseltrofee vir Veelsydigheid.

# TOP PRESTEERDERS IN AKADEMIE, KULTUUR- EN SPORT VEREER

- me. M. du Toit

Nika van Vuuren (links) is aangewys as die top akademiese presteerder in graad 12, met Lien Hoogenboezem (middel) en Kira Potgieter (regs) in die tweede en derde plekke.





Vincent Kruger is die ontvanger van die Oudskoliere-beker vir veelsydigheid op kultuurgebied.





Gino Cupido wen die beker vir Sportman van die Jaar (spansport) vir sy prestasie in rugby.

Elana Hay is aangewys Sportvrou van die Jaar (individuele sport) vir haar uitsonderlike prestasies in muurbal.







Die wenner van die beker vir die mees veelsydige sportvrou in matriek is vanjaar Aneldi Morkel.

Durand van Deventer wen die beker vir die mees veelsydige sportman in matriek 2022.



Die wenner vir Sportman van die Jaar (individuele sport) is vanjaar die hamergooier Christopher Smit.

Lecé van Wyk is aangewys as Sportvrou van die Jaar (spansport) vir haar prestasie in hokkie.







Die beker vir die beste prestasie in 'n buitesport word vanjaar gedeel deur twee graad 11-leerders. Hulle is Melissa van der Merwe (toutrek) en Alex Hön (skopboks).

# HOËRSKOOL STRAND GROET SY MATRIEKS VAN 2022

Die matrieks van 2022 het vanjaar met 'n splinternuwe tradisie van die skool afskeid geneem — die laaste lui van 'n pragtige koperklok!

















# Matriekafskeid 2022

- me. M. Kuhn


Op Vrydag, 14 Oktober, het die graad 12-leerders hul skoolloopbaan op luisterryke wyse met 'n gesellígheid by die Lord Charles Hotel afgesluit. Weer eens het die matrieks nie teleurgestel nie. Die honderde ouers en vriende wat hulle langs die rooitapyt ingewag het, was in vervoering oor die Arende se deftige aanddrag asook hul interessante vervoermiddele!

Met 'n paar gevleuelde woorde, 'n dansbaan vir jeukerige voete én 'n smaaklike buffet-ete is daar besin oor die vyf jaar wat verby is en vir oulaas heerlik saamgekuier en gelag.













# MATRIEKS 2023 LUI HUL LAASTE JAAR IN MET DIE GEBRUIKLIKE VOETEDAG

Op Maandag, 17 Oktober, het volgende jaar se matrieks hul laaste skooljaar met die tradisionele Voetedag ingelui. Daar is vroegoggend reeds geverf, geplak  en geskryf om die voete en bene vir hierdie spesiale dag te tooi.

















CALVINIA
VLEIS MEAT
Hantam Lam

# SENIOR FOTOGRAFIEKLUB

me. E. Groenewald

Gedurende die derde kwartaal het die Senior fotografieklub hul "wapens" (kameras) opgeneem en oral op die skoolterrein gaan jag vir die beste foto's om spesifieke temas en woorde te verteenwoordig.

Die volgende foto's is die wenners wat die woord "LYN" die beste verbeeld het:




Luka Ahlers



Jané Swart



Andrea Coert



Martine Fouché

Luka Ahlers - "Skaduwee"






Daarna het die fotgrawe op hul eie woord-jag gegaan en die volgende foto's is as wenners aangewys:



Martina Fouché - "Blur"

# JUNIOR FOTOGRAFIEKLUB

- me. J. Engelbrecht

## TEMA: KLEURSPEKTRUM

Anja Mostert



Louniël de Beer



Robin-Leigh Marthinus





Amor Oosthuizen

Veronique Hammer-Nel



Louniël de Beer





Amor Oosthuizen



Kristin Pienaar

Kristin Theart




DE JAGERS
Sedert 1955
Jou eenstop mode & skooldrag voorsiener.

## BEGAAFDE WOORDKUNSTENAAR VEREER

– me. L. Badenhorst



Clint Williams (graad 12) is vanjaar die enigste leerder van Hoërskool Strand wat op Saterdag, 22 Oktober, spesiaal na die Stellenbosch Eisteddfod se Prywennerskonsert genooi is. 'n Verdere eer het Clint te beurt geval deurdat hy ook genooi is om tydens hierdie spesiale geleentheid een van sy woordkunsinskrywings voor 'n uitgelese gehoor op te voer. Na afloop van die geleentheid is Clint met die volgende prestige-toekennings vereer:

Die Stellenbosch Eisteddfod-medalje vir Beste Drama Deelnemer in graad 12.
Die H du Toit-beker vir Beste Hoërskool Drama Seun.
Die Andreas van Wyk-beker Beste Senior in die Dramatiese Kunste.

Hoërskool Strand is met reg trots op hierdie leerder wat nie sy uitsonderlike talente onder 'n maatemmer wegsteek nie.

## SA TAALBOND TWEETALIGHEIDSEKSAMEN

– me. L. Dippenaar

Agt leerders in graad 11 en 12 het vanjaar vir bogenoemde eksamen ingeskryf, waarvan sewe hul tweetaligheidsertifikate ontvang het. Vanjaar se twee uitblinkers was Karla Adendorff en Karmen Venter.





Nege leerders in graad 8-10 het vanjaar in die junior afdeling kragte gemeet. Agt leerders het hul tweetaligheidsertifikate ontvang. Die twee uitblinkers in die junior afdeling was Louniël de Beer en Lelanie van Rooyen.





## KULTUURBETROKKENHEID

– me. M. van Wyk

Die Kultuurbetrokkenheidstrofees word toegeken vir toegewyde deelname aan verskillende kultuuraktiwiteite en -geleenthede. Die senior ontvanger is vanjaar Franko Stevens en die junior ontvanger is Laroché Weyer.

Franko Stevens (Senior): Senior toneel
Artscape-dansspan
Kultuurkomitee
Redaksielid – Die Suidooster
Koor
Mnr. en Mej. HS Strand (choreograaf)

Laroché Weyer (Junior): Shakespeare-toneel
Junior toneel
Grimeringspan
Eisteddfod – Visuele Kuns
Koor
Opeklas



## SPEELTONEEL-LEERDERS DEEL VAN KORTFLIEKREEKS

- me. M. van Wyk



Vyf Hoërskool Strand leerders het vanjaar vir Speeltoneel ingeskryf. Speeltoneel is 'n geleentheid-gedrewe projek vir jong en ouer opkomende toneelspelers. Dit bied aan dansers en sangers (vanaf 6-jarige ouderdom) die geleentheid om op nasionale televisie in 'n kortfilm te speel, sing en dans.

Armin du Plessis, Amori Jooste en Danielle Geldenhuys is gekies om in die kortfliek "In My Skik" te speel. Millan Olivier in "Die Perfekte Partytjie" en Wadelee Tolman in "Vadersdag".

## KULTUURKOMITEE SLUIT DIE JAAR OP PRETTIGE WYSE AF

Op Donderdag, 27 Oktober, het die kultuurkomitee hulle harde werk van hierdie jaar met "We are the Champions" by die Barnyard-teater gevier. Die kunstenaars het elkeen in die gedaante van 'n Elton John, Cher, Michael Jackson, Tina Turner en Freddie Mercury hul slag op die verhoog gewys. Die kostuums, danspassies, beligting en klank was besonders. Die gehoor (die Arende ingesluit) het luidkeels saamgesing! Na die vertoning is daar selfs foto's met van die kunstenaars geneem.






Maar hierdie wonderlike aand was bittersoet, want ons moes tot siens sê aan ons wonderlike matriekleerders: Vincent Kruger (wat al vier jaar op die komitee dien), Daniël Hendriks, Megan Stickland en Anne Swart. Ons gaan julle mis!



# HOOGTEPUNTE UIT DIE VISUELE KUNSKLAS


- me. E. Groenewald

## Graad 10: Eksperimente met Monodruk-tegnieke













## Graad 10: Uitstalling in die voorportaal







## Graad 11: Finale eksamen - "Stasie"








## TI AMO SE KERSFEESPRET

\- Sandra van Rensburg

Ti amo het hierdie jaar sy kersfeespak vir tekkies en sportklere verruil! Die jaarlikse afsluitingsfunksie het vanjaar die vorm van 'n boeresportdag by Solidariteit se nasorgsentrum, Ons Plek, aangeneem.

Danksy die eerste krieketspan se insette, deelname en ondersteuning is hierdie omgee-jaar op 'n onvergeetlike wyse afgesluit. Die impak van die krieketspelers se teenwoordigheid op die kinders kan nie in woorde gemeet word nie.







## DIE BLOED VLOEI VIR 'N GOEIE DOEL

\- me. E. Verster

Hoërskool Strand se Arende het hulself weer eens oortref! Op Dinsdag, 18 Oktober, het Hoërskool Strand met behulp van die Wes-Kaapse Bloeddiens (WKB) ons tweede kliniek van die jaar gehou. Leerders en onderwysers het 'n allemintige 72 eenhede bloed geskenk. 31 nuwe skenkers het tydens die tweede kliniek die moed bymekaargeskraap om hul gemeenskap op hierdie onbaatsugtige wyse te dien. Die WKB sien daarna uit om ons weer in 2023 te besoek.









# UITRUILPROGRAM: ROESELARE – BELGIË

- me. L. Wolff

Groot opwinding het geheers vir 12 Hoërskool Strand leerders, me. Sandra van Rensburg en Me. Lynette Wolff toe dié groep Suid-Afrikaners vanaf 22 September tot 10 Oktober hulle tuisland vir Europa verruil het.
Dit is reeds die 21ste jaar wat Hoërskool Strand deel is van hierdie kulturele uitreik met die Burgerschool in Roeselare, België. Dit bied leerders die geleentheid om hulle horisonne te verbreed en om vriendskappe oor kontinente te bou.

Die groep het Brussels, Brugge, Ghent, Ardenne, Ieper en nog baie ander besienswaardighede verken. Hulle het natuurlik ook die Burgerschool besoek en trots 'n stukkie van Suid-Afrika en Hoërskool Strand met die leerders en personeel gedeel. Wat die program so uniek maak, is dat die leerders in die Belge se huise tuisgegaan het en sodoende eerstehands met die Belge se leefwyse kennis gemaak het .

Die Arende was ook gelukkig om Parys te besoek en 'n nag daar oor te slaap. Die eerste dag het die groep die stad besoek en die tweede dag was dit tyd vir Euro-Disney. Die leerders het as wêreldreisigers met baie stories en herinneringe teruggekeer huis toe.

Vanaf 13-28 Februarie 2023 kom die Belge weer besoek aflê by Hoërskool Strand. Ons is opgewonde om ons skool asook die Wes- en Suid-Kaap se besienswaardighede en natuurskoon aan ons gaste bekend te stel.


















# OBK-DAMESOGGEND MET MARGIT MEYER-RÖDENBECK

- me. M. Human

Op Saterdag, 15 Oktober, is 'n wonderlike, vrolike, opbouende en inspirerende Damesoggend met Margit Meyer-Rödenbeck as gaspreker, gevier. Die tema vir die dag "Vier die Hier" is in die mooi versierde tafels, heerlike versnaperinge en blomme weerspieël.

Dankie aan elkeen wat hierdie spesiale oggend met ons gedeel het. Volgende jaar maak ons weer so.

















# ONS EIE YSTERVROU!

Me. Lizanne van Zyl, 'n onderwyser aan die Hoërskool Strand, is al bekend vir die uitdagings wat sy so gereeld aanpak. Nie alleen het sy vanjaar kans gesien om Robbeneiland toe te swem nie, sy het sopas die ISUZU IRONMAN 70.3 suksesvol voltooi.


Op Sondag, 6 November, het atlete van verskeie provinsies in die land een van die mees uitdagende atletiese kampioenskappe ter wêreld aangedurf. Hulle het met die 1.9 km swem oorkant die Santos Beach Pavilion tot by De Bakke in Santosbaai weggespring. Van hier af het hulle die 90 km fietsry aangedurf en daarna moes die moeë bene nog 21.1 km hardloop om die kampioenskap te voltooi.


Hoërskool Strand is trots op 'n onderwyser wat deur haar standvastige geloof en goeie voorbeeld ons leerders inspireer om nie van uitdagings weg te skram nie.















# SUID-KAAPSE KRIEKETTOER

- mnr. A. Louw

Hoërskool Strand neem reeds sedert 2012 aan Hoërskool Punt se jaarlikse krieketfees deel. Die afgelope twee jaar het die fees, tot almal se teleurstelling, as gevolg van die Covid-pandemie nie plaasgevind nie. 2022 sal dus onthou word vir die welkome terugkeer na normaliteit. Soos gebruiklik het die manne weer in die skoolkoshuis, Huis Pepler, tuisgegaan. Vir stadskinders is dit altyd 'n heerlike ervaring.



Die eerste wedstryd teen die Hoërskool Framesby van Port Elizabeth het op die D' Almeida-veld in Mosselbaai plaasgevind. Hierdie wedstryd was 'n goeie leerskool vir die Strand, veral hoe om emosionele druk te hanteer. Framesby, met ses matrieks in hulle geledere, het gewys waarom hulle nasionaal so hoog geag word en het die Strand met 204 lopies geklop. Ter versagting moet daar gesê word dat die Strand geen matrieks nou toelaat om vir die eerste krieketspan te speel nie. Dit is juis in sulke groot nederlae wat waardevolle lesse geleer word. Spelers moet leer hoe om verbale intimidasie te kan hanteer. Nicholis Martin, 'n gr. 9-leerder, het nie vir die hardebaarde teruggedeins nie en 3 paaltjies vir 21 lopies platgetrek.



In die tweede wedstryd teen Glenwood van George het die Strand hulle reggeruk en 'n uitstekende oorwinning van 4 paaltjies oor die Engelse behaal. L.W. Coetzee het met brutale slaanwerk 'n oorwinning vir die Strand verseker. Hy het 55 nie uit nie van 31 balle geslaan. In enige kriekettaal is dit 'n uitstekende prestasie.



Die laaste wedstryd teen die Hoërskool Oudtshoorn het in Oudtshoorn plaasgevind. Ook in hierdie wedstryd was die manne van die Strand aan die wenkant met 'n goeie oorwinning van 66 lopies. Die kaptein, Daandré Walker, het 'n ware kapteinsbeurt gespeel en 50 lopies van 60 balle geslaan.

In die geheel gesien, was die toer, na twee jaar van isolasie, 'n waardevolle leerskool. Die afrigter van die span, Henk Conradie, kan dus heel tevrede voel met twee oorwinnings en slegs een nederlaag.





Dis nie altyd maklik om jou eie finansiële besluite te neem nie. Met 'n Sanlam finansiële beplanner is jy by iemand wat dieselfde dinge as jy wil hê. Ons geakkrediteerde adviseurs kan jou deskundige advies gee en jou help om 'n finansiële plan op te stel wat jou kan help om jou doelwitte te bereik, sodat jy met sekerheid kan lewe in die wete dat jy op koers is na 'n beter finansiële toekoms.

Ons kan jou behulpsaam wees met:

- **Finansiële beplanning**
- **Aftrede**
- **Lewensversekring**
- **Korttermynversekering**
- **Beleggingsbeplanning**
- **Testamente en trusts**

Skakel ons by **FinPrufe Wealth BlouSter** sodat ons kan gesels oor hoe ek jou kan help om finansiele sekerheid te verkry.

**Theunis Steyn**
Direkteur
02188 0 6610

**George de Kock**
Direkteur
021 880 6609

**Andre Wethmar**
Finansiële Beplanner
083 766 6822

**Alto de kock**
Finansiële Beplanner
082 215 6673

**Johan Krause**
Finansiële Beplanner
082 452 7036

**Christoff Steyn**
Finansiële Beplanner
072 658 1906

**Bradley Abrahams**
Korttermyn-versekering
061 498 1080

**Hendrik Swart**
Korttermyn-versekering
082 463 4168

Sanlam Lewens is 'n Gelisensieerde Lewensversekeraar, Verskaffer van Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer (NCRCP43)

Sanlam
Lewe met sekerheid

## SA SENIOR TOUTREKKAMPIOENSKAP

– me. H. vd Merwe

Agt leerders het in verskeie WP-spanne aan die SA Senior Toutrekkampioenskap deelgeneem. Vir elke gewig was daar twee afdelings met verskillende spanne. In die Premier-afdeling het die A- en B-spanne meegeding en in die President-afdeling die C- en D-spanne. Die Arende het die volgende medaljes gewen:

| | |
|---|---|
| **Melizza van der Merwe:** | |
| 580 kg gemeng | - Goud Premier |
| 500 kg vroue o.23 | - Goud Premier |
| 580 kg gemeng | - Goud President |
| 540 kg vroue | - Goud Premier |
| **Marconette Els:** | |
| 500 kg dames o.23 | - Goud Premier |
| 540 kg dames | - Goud Premier |
| 500 kg dames | - Brons Premier |
| 580 kg gemeng | - Goud President |
| **Nina Esterhuizen:** | |
| 500 kg dames | - Brons Premier |
| 540 kg dames | - Goud Premier |
| **Brendon van Rooyen:** | |
| 600 kg mans | - Brons Premier |
| 640 kg mans | - Silwer President |
| **Blaze Bosch:** | |
| 600 kg o.23 mans | - Goud Presedent |
| **Francois Uys:** | |
| 600 kg o.23 mans | - Goud Premier |
| **Zandré du Toit:** | |
| 600 kg o.23 mans | - Goud Premier |
| **Connor Menmuir:** | |
| 600 kg mans o.23 | - Brons President |



Voor: Melizza van der Merwe, Maconette Els en Connor Menmuir.
Agter: Francois Uys, Zandré du Toit en Blaze Bosch.

## TOUTREKKERS SE LAASTE BYEENKOMS VIR 2022



Hoërskool Strand se toutrekkers het op Saterdag, 29 Oktober, aan hul laaste WP/Wynland-kompetisie van die jaar deelgeneem. Drie graad 12-leerders, Brendon van Rooyen, Nina Esterhuysen en Tiné Els, het vir oulaas vir hulle skool getrek.

Die nuwe graad 8-leerders van 2023 kon ook vir die eerste keer saam met die "GROOT" Arende in spanne trek. Die feit dat hulle vir die eerste keer nie meer kaalvoet getrek het nie, was vir hulle 'n GROOTSE belewenis. Die Arend-trekkers het uitstekend gevaar:



| | |
|---|---|
| 440 kg seuns | - Strand A tweede |
| 440 kg dogters | - Strand A vyfde |
| 480 kg seuns | - Strand A tweede |
| 480 kg dogters | - Strand A derde, Strand B vierde |
| 520 kg seuns | - Strand A eerste, Strand B sewende |
| 520 kg dogters | - Strand A tweede, Strand B vierde |
| 520 kg Gemeng | - Strand A eerste, Strand B tweede, Strand C vyfde |
| 560 kg seuns | - Strand A tweede, Strand B sesde |
| 600 kg seuns | - Strand A derde, Strand B vyfde |









# KRANIGE JONG GIMNAS WYS HAAR SLAG

- me. A. Louw

Karla de Jager (graad 9) het van 30 September tot 9 Oktober in Centurion aan die Suid-Afrikaanse Artistiese Gimnastiekkampioenskap deelgeneem. Sy het 'n algehele 14de plek (uit 32 deelnemers) behaal. Vir die brugapparaat het sy 'n indrukwekkende tweede plek behaal.
Knap gedaan, Karla!

# KRANIGE KARATEKA VERWERF SWART GORDEL

Waldré Kotze (in matriek) het op 22 Oktober tydens die Okinawa Goju Ryo-swartgordelgradering sy swartgordel ontvang.
Knap gedaan, Waldré!





# KAMPIOENLIGGAAMSBOUER IN ONS MIDDE!




Roland Swanepoel het aan die Suid-Afrikaanse Liggaamsbou-kampioenskap deelgeneem en twee besondere prestasies behaal: Hy het die kampioenskap in die o.15-afdeling gewen én is as die Suid-Afrikaanse o.21-kampioen aangewys.

'n Verdere eer het Roland te beurt geval deurdat hy ook in die SA-span, wat in Junie 2023 aan die INBA Global Natural Body Building Championships in die Verenigde Koninkryk gaan deelneem, opgeneem is.

Knap gedaan, Roland! Hoërskool Strand is saam met jou trots op hierdie merkwaardiger prestasies.



CONSULTRIGHT
MANAGEMENT
SERVICES

Let us help you to create sustainable transactions which transcend B-BBEE compliance

OUR SERVICES INCLUDE:

B-BBEE Consulting & Advisory
Ownership Transactions
Training & Workshops

+27 (0)21 913 6284
info@consultr.co.za
newconsultr.co.za

Contact us for an obligation free quote today!

MSCT BEE SERVICES
Making Significant Changes Together

MSCT BEE Services is 100% Black Women Owned as well as a Level 1 B-BBEE contributor.

Our services include:
Accredited B-BBEE Verifications
B-BBEE Training and Awareness
Ownership Verification Services

Contact us for an obligation free quote today!

www.msctbee.com
email: bbbee@msctbee.co.za

T +27 (0)21 852 5646
F +27 (0)86 600 4965

# GENKI - PORTABLE POWER

**PD Fast Charge | Wireless Charge**

## GK-1000

**R13 499 incl. Vat**

Complete Office.co.za SOLUTIONS




### 3 OUTPUT TYPES

**USB**
Phone, Pad, Camera, Drone, Led Light

**CARPORT**
TV, Fan, Electric Grill/Drill

**AC OUTLET**
TV, Fan, Electric Grill/Drill

12V/USB/240V AC power points
1166W with solar charging support

021 852 5700

162 Main Road Somerset West

---

Philwest Volkswagen Somerset West

# Find your favourite **EasyFinance offer and start your new journey this November!**

**We Got STOCK**



| MODEL | PRICE (VAT INCL.) | INTEREST RATE TO CUSTOMER* | DEPOSIT | PERIOD | INSTALMENT | GFV | TOTAL COST OF CREDIT |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| T-Cross 1.0 TSI Comfortline DSG | R432 200 | 8,62% | 0,00% | 42 | R6 300pm | R280 930 | R545 813 |
| Taigo 1.0 TSI Life DSG | R444 900 | 9,75% | 0,00% | 42 | R6 850pm | R289 185 | R576 615 |
| T-Roc 1.4 TSI Design Tipt | R563 800 | 8,64% | 0,00% | 42 | R7 855pm | R383 384 | R713 343 |
| Tiguan 1.4TSI Basis DSG | R575 700 | 9,75% | 0,00% | 42 | R8 479pm | R391 476 | R747 577 |
| Touareg 3.0 V6 4M TDI Luxury | R1 312 100 | 7,63% | 0,00% | 42 | R21 300pm | R695 413 | R1 590 172 |
| Touareg 3.0 V6 4M TDI Executive | R1 598 800 | 8,01% | 0,00% | 42 | R26 338pm | R847 364 | R1 953 563 |

Find out more

EasyFinance offer via VWFS. T&Cs apply.
Images used for advertisement purposes only.

# Sun View Blinds


BLINDS | BLINDINGS • AWNINGS | SONSKERMS

Tel: (021) 852 9963 Sel: 082 570 2170 E-pos: neels@sunviewblinds.co.za

**Strand**

**Hout & Aluminium Venesiese, Rol, Bamboes & Vertikale Blindings - Shutters**

**Ons spesialiseer in alle soorte Sonskerms**




www.sunviewblinds.co.za



# Flamẽros®

CHICKEN GRILL

## Drive Burger + Chips

## R 39.90




SAME FABULOUS FLAVOUR

IN A MINI MEAL

We're a phone call away - 021 854 7774